MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 16/2025 **6 November 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

When I was 5 years old, my mother always told me that happiness was the key to life. When I went to school, they asked me what I wanted to be when I grew up. I wrote down 'happy'. They told me I didn't understand the assignment, and I told them they didn't understand life.

John Lennon

Die voornemende graad 8- tot 11- leerders van 2026 het Dinsdag hul eerste voorsmakie van die College tydens hul inligtingsaand gehad. Gemeet aan die afwagting en entoesiasme, voorspel dit opwindende jare wat vir die klas van 2030 voorlê. Die ironie van die lewe is beklemtoon deur die feit dat die huidige graad 7's wat tans aan die bokant van die voedselketting is (soortgelyk aan ons matrieks), gereed is om volgende jaar weer onder aan die rangorde in te val. My wens is dat hulle gedurende hul vyf jaar in die College baie pret sal hê, en alle moontlike geleenthede sal aangryp.

'n Reusedankwoord aan elke ouer, leerder en onderwyser wat hierdie kort, dog uiters besige paar weke van hierdie kwartaal voor die eksamen, omarm het. 'n Spesiale dankie aan ons leerders vir die entoesiasme waarmee hulle onder andere die Graadgeesgeveg, die Kersfeessosiaal, die Pretverfloop (*Colour Run)* en aandskool ondersteun het. Insgelyks wil ek elke leerder (en ouer) baie sterkte toewens vir die komende eksamen – onthou die arbeider is sy loon waardig.

Met die jaar wat ten einde spoed, wil ek graag elke leerder, ouer en personeellid (veral ons voornemende leerders) met die volgende wyse woorde uit die pen van Mark Twain laat:

Twenty years from now you will be more disappointed by the things that you didn't do than by the ones you did do, so throw off the bowlines, sail away from the safe harbour and catch the trade winds in your sails. Explore, Dream, Discover.

Mark Twain

Indien u 'n visumbrief vir u kind benodig, moet u daarop let dat dit minstens twee werksdae voor u visumafspraak by die skoolkantoor aangevra moet word. Dit is om te verseker dat die brief betyds verwerk, en deur die betrokke bestuurslid afgeteken word. Aangesien die skool vanaf 3 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026 gesluit is, kan geen visumbriewe gedurende hierdie tyd verwerk word nie.

AKADEMIE		**Klik op die skakel vir meer uitslae.**
SPORT		**Klik op die skakel vir sportuitslae.**
KULTUUR		**Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**